Voorbidding

Lidmate vir voorbidding:

Alice Erasmus, Dawie & Susan Nel, Douw Steyl, Francis de Kock, La-Verne van Staden, Loekie de Wet, Mandi Oosthuysen, Cato Botha, Nina van Bergen, Pierre Eloff, Nelonia Vorster, Marthie Stoltz, Gellie & Jeanne Geldenhuys, Anna-Marie Retief, Emmerentia van Rensburg, Sally Erasmus, Dorie Botha, Lappies Labuschagne, Irene van den Berg, Lindsay & Henriette Swanepoel, Frik & Bets Nel, Sarie Nel, Eva Nienaber, Ras Gerber, Susan Groenewald, Alma Kieser, Annatjie Meyer, Louis Boshoff en Nico Mostert, asook al die siekes in hospitale en bejaardes in versorging.

Lidmaatbewyse: Hartlik welkom

Belydende Lidmate:

-Werner ENSLIN (WA54, Garsfontein) vanaf NH Gemeente Wapadrant

-Martha Cathrina (Martie) VAN DEVENTER (nou WILKENS) (WC51, Lynnwood Manor) vanaf NH Gemeente Wonderboompoort

Kinders tans sonder huisvesting

CMR Meyerspark is tans op soek na pleegouers vir 3 blanke, Afrikaanssprekende kinders van een familie. Die gesinnetjie bestaan uit 'n dogtertjie van 6 jaar en twee boetjies van 2 & 5 jaar.
As u dalk bereid is om vir hierdie kinders 'n tydelike huisvesting te bied, kontak asseblief vir Linda Coutinho, die maatskaplike werker, by 012 803 1978 .

Afsprake met leraars

U word hartlik uitgenooi om die Kerkkantoor te skakel by 012 348 5135, indien u 'n huisbesoek of 'n kantoorbesoek verlang.

Stel ons asseblief ook in kennis as een van u gesinslede, familie, vriende of enige lidmaat tuis siek is, of in die hospitaal is.

Ons hoor graag van u!

Leraars op kantoor vanaf 08:00 tot 13:00

Maandag:	Dr. Johan van Schalkwyk
Dinsdag:	Dr. Jorrie Potgieter
Woensdag:	Dr. Chris Malan
Donderdag:	Dr. Ronald Murray

Teebediening benodig hande

Die teebediening benodig dringend mense om slegs een keer 'n maand, na die oggenddiens, te kom uithelp.
Dames en mans is welkom om deel te word van die gesellige teespan.
Vir meer inligting kontak Carina by 012 361 1404 of Betsie by die kerkkantoor op 012 348 5135.

Koorafkondiging

Raak deel van die feestelikheid en sluit aan by ons sanggroep.
Ons kom elke Donderdag om 19:00 bymekaar vir ons weeklikse kooroefening in die kerk.
Vir meer inligting:
Kontak Mercia Wepener by 083 443 1935.

Fietsryklub

Die fietsryklub begin Saterdae om 06:00 ry.

Die vertrekpunt is die Hoofingang van die NG Gemeente Lynnwoodrif in Lanciastraat.

Berg- en Padfietse is welkom. Die byeenkoms is informeel en sosiaal en groot pret.

Fiksheid is nie 'n probleem nie.

Jy bepaal self teen watter tempo en hoe ver jy wil ry.

Vir die wat egter ernstig is oor hulle fietsry, die eerste twee spanmaats het reeds die *94.7 cycling challenge* agter die rug! Nou werk ons vir die Argus!

Kontak Hercules by: 0828417634

Bankbesonderhede vir:

Dankoffers

Bank:	ABSA, Lynnwoodrif
Tjekrekening:	NG Gemeente Lynnwoodrif
Nommer:	**1630 580 079**

Geloofsoffers

Bank:	ABSA, Lynnwoodrif
Rekening:	NG Gemeente Lynnwoodrif GO
Nommer:	**4050 707 236**

POLSSLAG

NG Gemeente Lynnwoodrif

5 Februarie 2012

Hartlik welkom aan alle lidmate, intrekkers en gaste

Besoek na die oggenddiens die inligtingstoonbanke in die Atrium of onder die bome terwyl jy mede-lidmate oor 'n koppie tee of koffie leer ken.

Eredienste

09:00 Klassieke Erediens: Hoofruim

Prediker: Dr. Johan van Schalkwyk

Skriflesing: Psalm 78

Tema: Sodat die volgende geslag kan weet...

09:00 Josua 24:15 Gesinsbediening : Ouditorium

Prediker: Dr. Chris Malan

Skriflesing: Psalm 17:8

Teks: Jy is God se oogappel!

18:30 Kontemporêre Erediens: Hoofruim

Prediker: Dr. Johan van Schalkwyk

Skriflesing: Psalm 95

Tema: Aanbid Hom, volk van die Here!

18:30 Immerse Worship-diens: Ouditorium

Prediker: Dr. Chris Malan

Skriflesing: Esegiël 37 & 47

Teks: Ziggy se vier prentjies.

Kinder- & Tienerbediening benodig Dissipelleiers

Die Kinderbediening nooi u vriendelik uit om betrokke te raak.

Tans is daar steeds 'n tekort aan dissipelleiers vir laerskool tot hoërskool kinders.

Indien u sou belangstel om by die Kinderbediening betrokke te raak , ongeag die hoedanigheid, voel vry om Betsie by die Kerkkantoor te kontak by 012 348 5135.

Ouerontbyt: Dwelmmisbruik

Wanneer: Vrydag 17 Februarie
Tyd: 06:45 - 08:00
Waar: Lifestyle Café
Prys: R45
Spreker: Jo-Ann du Toit van die Narkotikaburo van die SAPD
Hierdie ontbyt is gefokus daarop om by jou as ouer bewustheid te skep rakende dwelmmisbruik in skole te Pretoria.
Vir meer inligting of om te bespreek, kontak Betsie by 012 348 5135 voor Dinsdag 14 Februarie.

Koringkorrel

"Onderwerp jou aan God, dan sal jy in vrede leef, en so sal jy voorspoed hê."
-Job 22:21

Lanciastraat 269, Lynnwoodrif - Tel: 012 348 5135
Faks: 012 361 6469 / 086 586 9265
e-pos: kommunikasie@lynnwoodrif.co.za - webwerf: www.lynnwoodrif.co.za

Mission4 Getuienisbediening

Mission4 Fokus

Dagboek reeds nou ons Geloofsofferweek van **5-11 Maart 2012**.
Kom groei saam! Spring in!
Vind jou roeping! Laat 'n voetspoor en belê in die ewigheid.
Geluk aan ons sendeling Stefan van der Merwe wat op 9 Februarie verjaar en Reneé Ruysenaars wat op 1 Februarie verjaar het.

Mission4 HIV

Ons is opgewonde om 'n teaterkonsep te ontwikkel wat as 'n platform gebruik kan word om plaaslike talent en talent uit ons opheffings-gemeenskappe, waarby ons betrokke is, aan die publiek bloot te stel.
Daarom is ons opgewonde om tydens ons geloofsofferweek hiermee af te skop -
Die RIF Teater bied aan:
Jannie Moolman
Wanneer: 9 Maart 2012
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Rif Ouditorium
Koste: R130 per persoon (die bedrag sluit port en poeding in).
Kaartjies sal beskikbaar wees by Computicket (internet asook betaalpunte in Checkers-supermarkte) vanaf Donderdag 9 Februarie of Sondae by die inligtingstafel in die Atrium.

GO!-Klub: Kom spring in

Vandag begin die GO! Klub met 'n "splash"! Ons daag ons **voor- en laerskool kinders** uit om hierdie jaar voluit vir Jesus te leef. Ons wil jou waardes leer wat jou gaan help om 'n Jesus-kind te wees wat 'n verskil kan maak.
Kom registreer by die GO!-Klub tafel onder die bome en kry jou pakkie gebedstoerusting.

Mission4x4

Ons eerste 4x4 Gesin *Fun Day* vind plaas op Saterdag 24 Maart.
Vir meer inligting kan u ons webblad by www.mission4x4.co.za besoek.

Mission4 Skills:

Ons bied 'n **"Handy Man"** diens vir gemeentelede wat nie tyd beskikbaar het of nie in staat is om by sulke take uit te kom nie. Skakel Pierre by die Getuieniskantoor om 'n afspraak te maak.
Het jy tyd om te help met die invoer van data by die Arbeidsentrum? Ons benodig dringend hulp in hierdie verband – die inligting kan ook tuis ingevoer word op die databasis. Kontak Pierre by die Getuieniskantoor.



Lukas Steyn, die nuwe "Handy Man"

Heel word 1-2-3: 8, 15 & 29 Februarie

Het jy al ooit gewonder hoe jou (sielkundige) "draadwerk" in mekaar steek? Het jy al gewonder hoekom jý (en ander mense) op sekere maniere optree en reageer? Soms voel dit vir jou of jy jouself in die voet skiet - en dan wonder jy hoekom? **Heel Word 1-2-3** is 'n kort kursus - elke sessie net 40 minute! - om iets van jou eie persoonsdinamika asook die transaksies wat tussen mense afspeel, te verstaan en bevrydende veranderinge aan te bring! Inskrywing by die Inligtingstafels.

Kreado Bediening

Kom kuier saam en speel met decoupage. Maak nuwe vriende! Ontspan vir 'n oggend in goeie geselskap!
Plek: Lynnwoodrif NG Gemeente
Datum: Saterdag 18 Februarie 2012
Tyd: 09:00 – 12:00
Koste: R120 pp
RSVP: 10 Februarie 2012
Kontak Esme by 082 879 8704 of

Gebedsbediening
Mercurius-gebede

Mercurius is die naaste planeet aan die son en kry sy deel van hitte. Dit is die kleinste planeet wat nie uit gas bestaan nie. Dit wil ook voorkom asof die planeet krimp. Met die eerste oogopslag lyk dit baie soos ons maan. Dit neem 88-dae om om die son te wentel. Die temperature wissel tussen -190 °C en 430 °C. Ongeag hiervan kan ons duisende kraters wat die impak van asteroïdes is sien. Die grootste hiervan is Kaloris. Dié krater is 1550 km in deursnit en dus die grootste in ons sonnestelsel.

Voel jy soms asof jou gebede nutteloos is? Is jy skaam om voor ander mense te bid? As jy jou gebede met ander mense vergelyk, is jy die een wat vir jouself sê: "my geloof is seker nie so groot nie, want kyk hoe mooi bid die ander mense". Miskien kan 'n mens sê dit voel soos 'n Mercurius gebed – redelik nutteloos en klein. Mercurius het egter iets spesiaal - geen ander planeet het dit nie - 'n krater van 1 550 km in breedte. So is jou gebede vir God. Vir Hom maak dit nie saak hoe jy jou eie gebede op 'n stadium beleef nie. Jou kosbare geloof en liefde vir Hom is al wat saak maak – dit maak jou gebede iets spesiaal al dink jy ander mense het wonderliker gebede as jy (**Romeine 8:26-27**).

Dr. Jorrie Potgieter

Die KGB benodig hande

Die KGB benodig persone om te help met die Nagmaal-voorbereidings wat 4 keer per jaar op 'n Saterdagoggend geskied & opgeruim word na die Nagmaaldienste. Kontak asseblief vir Elzette van Deventer by elzette.vandeventer@gmail.com of 0793164342 vir meer besonderhede. Daar sal vir 2012 net 3 KGB Nagmaaldienste wees – Die nagmaal van 27 Mei word tydens die gesamentlike Pinksterfees gevier.

Diens van Barmhartigheid Die Kosstoor:

Baie dankie vir almal se mildelike bydraes wat so gereeld by die kerk afgelewer word.
Die nood bly egter steeds groot en daar is steeds 'n tekort aan geld, klere en ander nie- bederfbare kosse.

Weeksprogram

Maandag 6 Februarie
16:30 Mission 4 HIV vergadering: Lesinglokaal 1
17:00 Diensverhoudings-vergadering
18:00 Doopgesprek 1: Raadsaal - Dr. Chris Malan
19:00 Gebedskool: CAIEA - Dr. Jorrie Potgieter

Dinsdag 7 Februarie
09:00 Bybelskool
19:00 Bybelskool

Woensdag 8 Februarie
08:30 Arbeidsentrum
09:00 Bybelstudie - Dr. Johan van Schalkwyk
11:00 Hospitaalbediening
18:30 Uur vir Vuur: Gebedslokaal
19:00 Heel Word 1: Lesinglokaal 1 - Dr. Chris Malan

Donderdag 9 Februarie
08:00 Leraarsvergadering: Raadsaal
14:30 Tabitas
15:00 Lees- & Skryfklasse: Atrium
18:30 Lofdanse: Ouditorium
19:00 Koor

Vrydag 10 Februarie
08:00 Personeelbyeenkoms
15:00 Vas begin
19:00 Gebedskuier: Lifestyle Café - Dr. Jorrie Potgieter

Saterdag 11 Februarie
07:00 Gemeente bid saam: CAEIA
15:00 Vas eindig

Sondag 12 Februarie
09:00 Klassieke Erediens: Hoofruim - Dr. Jorrie Potgieter
09:00 Josua 24:15 Gesinsbediening: Ouditorium - Dr. Chris Malan
09:30 Erediens: Willow Haven- Dr Johan van Schalkwyk
10:30 Jesus Life Community: Lifestyle Café - Albie Jordaan
18:30 Kontemporêre Erediens: Hoofruim - Dr. Johan van Schalkwyk
18:30 *Immerse* Worship-diens: Ouditorium - Dr. Chris Malan

Besoekspan benodig hulp

Dienswerkers word benodig wat bereid is om lidmate bo 75, wat nie in aftree-oorde woon nie, te gaan besoek. Indien u beskikbaar is en 'n diens wil lewer kontak asseblief vir Willem Kotzé by 0823481126.